NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 18 – Uitgawe 26
10 Julie 2025

## Net ’n klein hospitaalhanddoekie om die lyfie...

Om *Blitspos* te ontvang, stuur ’n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan taal@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**’n Oproep. Kry die motor reg. Maak seker die babastoeltjie is daar. Op pad na die hospitaal in Pretoria-Wes dink ons weer aan hierdie oproep om ’n pasgebore babatjie te kom haal. Die ma is reeds ontslaan en het geen kontakbesonderhede gelaat nie. By die hospitaal gekom, word inligting verskaf dat hierdie baba gebore is terwyl die ma onder die invloed van alkohol was. Ons moet versorging vir die baba vind. Geen goedjies word saamgegee nie, net ’n kleine baba wat slegs in ’n handdoekie toegedraai is omdat die hospitaal geen addisionele fondse het om kleertjies, formule, doeke, ensovoorts saam te gee nie.**

Versigtig word die baba in die karstoeltjie vasgemaak en word daar rondgebel vir ouers wat kans sien om hierdie baba by hulle in te neem en te versorg, al is dit net ’n tydelike reëling. ’n Egpaar laat weet hulle sal graag uithelp, maar laat op ’n Vrydagmiddag is hulle glad nie ingerig vir ’n babatjie nie en hul eie kinders is reeds skoolgaande. Nadat die baba in hul sorg gelaat is, word daar gestop om net die nodigste vir hierdie mense en die baba aan te koop om hulle deur die naweek te help en om hulle sodoende genoeg tyd te gee om hulself in te rig vir hierdie kleinding wat skielik by hulle aangeland het.

Bogenoemde is net een geval van baie en dit verg tyd, kennis en baie passie vir die beroep om so ’n beveiliging te doen. Geen mens kan help om hierdeur geroer te voel nie!

Rata Maatskaplike Dienste het as diensorgaan van die NHKA ontstaan en werk deur die jare onverpoosd voort om enige kinders uit haglike omstandighede te red en die nodige beskerming en statutêre dienste aan hulle te bied.

In die 2024-tydperk is meer as 530 kinders uit omstandighede van mishandeling, verwaarlosing en selfs situasies van kinderhandel verwyder en in plekke van veiligheid geplaas. Dienste is aan 2 925 kinders in pleegsorg gelewer. Hierdie dienste kontinueer en vind soms plaas tot wanneer hierdie kinders op die ouderdom van 18 hul versorgingsposisies verlaat om die wêreld as volwassenes aan te durf. Daar is deurlopend ’n toename van die rapportering van kinders in nood, terwyl kinders wat reeds in die sisteem is ook verdere dienste ontvang.

Ten einde ons in staat te stel om hierdie dienste te kan lewer, word Rata deur die staat befonds, maar hierdie fondse is nie voldoende om al die onkostes volledig te dek nie. Ons is dus genoodsaak om fondswerwingsaksies te lood om die tekorte aan te vul. Rata poog om saam met ons opkomende *Drive for a Child*-gholfdag ’n loodsprojek van stapel te stuur om fondse in te samel vir hierdie belangrike dienste en om sorgpakkies vir babas en ook kinderpakkies vir kinders te kan voorsien in gevalle waar dit dringend benodig word. Donasies vir babapakkies beloop ongeveer R1 400 per pakkie.

Rata maak daagliks ’n verskil in mense se lewens, selfs in gevalle waar die SAPD nie altyd kans sien om in te tree nie. Ons doen dit omdat dit deel is van wie ons is en wat ons doen.

Ons is bevoorreg om deel van ’n groter span te wees wat vir hierdie belangrike saak veg.

**Charmaine Fourie**
**(Uitvoerende direkteur: Rata)**

## Lief en leed



Ds Thomas Joubert



Ds Rassie Smit



Mev Tanya de Bruin en haar gesin

- **Ds Thomas Joubert** (emeritus/Swellendam) is gediagnoseer met Creutzfeldt-Jakobsiekte. Dis 'n baie seldsame siekte wat die brein aantas waarvoor daar geen behandeling is nie. Ons doen voorbidding vir ds Thomas, sy eggenote Ronel, hul kinders en kleinkinders.

- **Ds Rassie Smit** (emeritus) het verlede week 'n hartaanval gehad en het reeds 'n hartomleiding ondergaan. Ons doen voorbidding vir sy spoedige herstel.

- **Mev Frieda van Wyk** is tans weer tuis nadat sy gehospitaliseer moes word. **Dr Daan van Wyk (sr)** is ook tuis, maar ly aan akute nierversaking. Hy het aangedui dat hy nie weer wil hospitaal toe wil gaan nie en die familie ondersteun hom so goed moontlik tuis.

- **Mev Tanya de Bruin** van Gemeente Eikenhof, dogter van wyle dr Willie Strydom en sy vrou, Erika, ontvang bestraling vir kanker wat na haar brein versprei het.

- **Mev Marie Bloem** weduwee van wyle dr Gerrie Bloem is Dinsdag oorlede. Ons betuig simpatie met haar familie.

- Ons het van die volgende nuus van die Eendrachtkring verneem:
  - **Mev Edith Malan** is weer gehospitaliseer om vir 'n infeksie behandel te word. Ons wens haar 'n spoedige herstel toe.
  - **Mev Beatrix Kruger** was vir 'n tyd in 'n versorgingseenheid. Die goeie nuus is dat haar kleindogter **Simone Kruger** haar eie rekord in die paralimpiese spele verbeter het. Baie geluk aan Simone en die Krugers!
  - En dan dink ons aan al die seniors wat aan ernstige en ligter aandoenings ly.

- **Die volgende predikante verjaar tot 18 Julie 2025, en word hartlik geluk gewens:**

  - Donderdag 10 Julie: Dr DJC (Daan) van Wyk (jr) (Van Der Hoff)
  - Vrydag 11 Julie: Ds TL (Theuns) Botha (emeritus)
  - Saterdag 12 Julie: Prof JA (Jimmie) Loader (nie-diensdoende predikant), ds A (Anna-Marie) Kloppers (Rustenburg Jac van Belkum)
  - Sondag 13 Julie: Ds JHH (Jakkie) Jacobs (emeritus)
  - Dinsdag 15 Julie: Ds JW (Janine) Fourie (Pretoria)
  - Woensdag 16 Julie: Di JT (Jimmy) Manders (Witfontein) en JAC (Jan) Rossouw (emeritus)
  - Donderdag 17 Julie: Di W (Willem) Dykema (Windhoek), JJ (Johan) Greyling (Bethal/Morgenzon) en JF (Hannes) van der Merwe (Pretoria-Oos)

## Gemeentes en bediening

- Enige saak wat volgens die Kerkorde onder die aandag van die **Moderamen** gebring moet word, moet mev Karen Breedt (**karen@nhk.co.za**) asseblief **teen 14 Julie** bereik **vir 25 Julie** se Moderamenvergadering. **Geen laat sake** sal in die agenda opgeneem word nie.

- **Mnr Tertius van den Bergh** verhuis na Pretoria vanaf Parys en is beskikbaar om op te tree as **orrelis** by gemeentes. Hy kan gekontak word by 082 728 7112.

- **Preekbeurte op uitnodiging**: **Gemeentes Noordelike Pretoria en Wonderboompoort** is in 'n samewerkingsooreenkoms. Die kerkgebou is in Eloffsdal geleë en die gemeente benodig van tyd tot tyd preekbeurte op uitnodiging.
  - In die lig van bogemelde beoog die gemeentes om 'n **databasis** van beroepafwagtendes en afgetrede (emiriti) predikante asook finalejaar studente wat in die omgewing van Pretoria woonagtig is, saam te stel.
  - Die pligte sal hoofsaaklik preekbeurte, verkondiging van die Woord, huis- en siekebesoek, lei van begrafnisdienste en ander wat later dalk uitgebrei kan word, wees.

- Vergoeding geskied volgens die riglyne punt 5 (Vergoeding vir preekbeurte op uitnodiging) soos neergelê in Omsendskrywe nr 8/2025 gedateer 11 Februarie 2025 of soos ooreengekom.
- Beide gemeentes is vakant en ’n beroep sal eersdaags uitgebring word.

Indien u belangstel om by die betrokke gemeentes te preek, word u versoek om u **inligting en/of navrae** aan die volgende te stuur: oudl Dewald Jordaan 083 309 7206 of **dewaldjordaan53@gmail.com** of oudl Awie Viljoen 073 747 2351 of **wonderboompoort@nhk.co.za**. Die sluitingsdatum is **31 Julie 2024**. Laat aansoeke sal oorweeg word.

## Werksgeleentheid

**HOOF: HERVORMDE TEOLOGIESE KOLLEGE**

Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA) wag aansoeke in vir die pos van **Hoof van die Hervormde Teologiese Kollege** (HTK) wat aan die Universiteit van Pretoria gesetel is. Die pos moet vanaf 1 Januarie 2026 gevul word.

**Die volgende sal onder andere van die Hoof van die HTK verwag word:**
- Om mentorskap aan HTK-studente te bied ter ondersteuning van hul behoeftes, geestelike en emosionele welstand.
- Om toesig oor effektiewe studente-administrasie te hou om sodoende die nodige ondersteuning in studentwees te bied en om voldoende verslag aan die Kuratorium te kan lewer.
- Om die nodige modules tydig te ontwikkel, gasdosente te werf en self ook lesings aan te bied sodat studente voldoende Kerkspesifieke opleiding ontvang.
- Om voortgesette bedieningsopleiding (VBO) te fasiliteer wat voortgesette teologiese toerusting (VTT) insluit en om die administrasie van die VBO-program te bestuur sodat predikante optimaal vir hul bediening toegerus kan word.
- Om die nodige navorsingsassosiate tydig te werf, self te publiseer en die kostepunt ten opsigte van publikasies te bestuur om sodoende Hervormde teologie te bevorder.
- Om jonger teoloë te werf en as potensiële dosente vir die toekoms te ontwikkel sodat teologiese opleiding in die toekoms verseker kan word.
- Om die HTK in samewerking met die SGB en die Sentrum Reformatoriese Studies uit te bou sodat teologiese opleiding verskans word en praktykkennis uitgebrei word.
- Om goeie betrekkinge met ekumeniese vennote aan die fakulteit te handhaaf sodat ekumeniese bande met Reformatoriese kerke uitgebou kan word.
- Om die visie vir strategiese teologiese opleiding en leierskap vir die toekoms te fasiliteer sodat die Kerk toegerus kan wees in veranderende tye.
- Om die begroting van die HTK in samewerking met die Bedryfshoof (Sinodale Dienssentrum) saam te stel en tydig te bestuur sodat daar verantwoordelik met die toegekende begroting omgegaan word.
- Om jaarliks aan die Kuratorium en Kommissie, en driejaarliks aan die Algemene Kerkvergadering verslag te lewer om behoorlike rekenskap te verseker.
- Ontwikkeling van toerusting van ampsdraers en lidmate.
- Ontwikkeling van bedieningsvaardighede van predikante.
- Skakeling met soortgelyke kolleges en opleidingsentra in die binne- en buiteland; en
- Oorhoofse bestuur van die *THT* in samewerking met die redakteur en redaksie.

**Die geskikte kandidaat sal aan die volgende vereistes voldoen:**
- ’n Geordende predikant van die NHKA wees;
- Oor ’n doktorsgraad in teologie beskik;
- Moet gesonde en gebalanseerde interpersoonlike verhoudings handhaaf en teologiese studente pastoraal kan begelei;
- Op hoogte wees van die huidige teologiese diskoers en daaraan kan deelneem; en
- Rekenaarvaardig wees.

**Aansoekers moet die volgende dokumente indien:**
- Volledige CV;

- Gesertifiseerde kopieë van kwalifikasies;
- Name en kontakbesonderhede van twee referente;
- ’n Selfevaluering van hoogstens een bladsy; en
- ’n Visie vir die uitbou van die HTK.

Van kandidate mag verwag word om psigometriese toetsing te deurloop.

**Die pos bied die volgende voordele:**
- ’n Kontrakaanstelling vir vyf jaar wat na afloop van die termyn hersien word.
- Traktement in lyn met die Kerk se skale.
- Behuisingstoelaag.
- Verlof soos per verlofreglement van predikante in die Kerkorde.
- Motortoelaag.

Aansoeke moet voor of op **31 Julie 2025** ingedien word by: Johan Hattingh (**johan@nhk.co.za**)

## Kerklike en ander publikasies







## Kom kyk saam

Mej Helga du Plessis, finalejaarstudent aan die Hervormde Teologiese Kollege, gesels oor die ondersteuning wat pastoraat vir gelowiges kan bied.



## ’n Gedig

### As die mens God speel

*Ecology is the art of knowing the consequences* – Frank Herbert

Die verblindende
lig van ’n duisend sonne
gaan op oor die aarde
’n yslike sampioen groei oneindig
hoog in die lug soos ’n bose
duiwelsbrood van borrelende bruin
melasse op ’n stromende stam;
’n niksvermoedende stad
verdwyn in rook en swael

Die Enola Gay draai
skerp om, duik weg van die hel
waarin hulle afkyk

Die mede-vlieënier skryf
in sy dagboek:
“Here, wat het ons gedoen?”

Vyftig jaar later groei
daar weer blomme in Hirosjima...

**Eveleen Castelyn**
(Uit: *Ons klein en silwerige planeet*. JL Marais, en A Zuiderent, 1997)

## Fondsinsamelings

- **Dis weer basaartyd!** Laat weet asseblief (**taal@nhk.co.za**) wanneer ons by julle heerlike pannekoek en basaarpoeding kan kom eet:
    - 25 Julie — Ermelo
    - 26 Julie — Wonderboom
    - 2 Augustus — Pretoria-Oos
    - 2 Augustus — Grimbeekpark
    - 30 Augustus — Rustenburg-Suid
    - 30 Augustus — Ottosdal



- Kom kuier saam! **Gemeente Wonderboom** nooi jou hartlik uit na hul basaar op Saterdag **26 Julie 2025**!
  Tyd: 09:00 tot 13:00
  Plek: Marjoramlaan 219, Wonderboom

  **Allerlei lekkernye** sal te koop aangebied word! Kry pap-en-kaiings, kerrie-en-rys, *chicken strips* en skyfies/slaai, jaffels, pannekoek asook heerlike warm koffie, tee of cappuccinos en geniet soetgoed soos basaarpoeding en gebak terwyl u tussen die verskeidenheid interessante stalletjies rondstap.
  Indien u belangstel om ’n **staanplek vir ’n stalletjie teen R100** te huur, is u welkom om 078 905 0820 te kontak vir besprekings. Ongelukkig mag geen eetgoed verkoop word nie. Laaste dag vir bespreking en betaling is **18 Julie 2025**.
  Basaarpret met verskeie pryse op die spel! Daar gaan selfs ’n **hondeskou** wees vir jul hondekinders.
  Sien uit om u daar te sien!

- **Gemeente Pretoria-Oos** nooi jou hartlik uit na hul **KONKA-konsert** op **1 Augustus 2025** waar **Corlea Botha en Ruhan du Toit** optree. Kaartjies beloop R200 vir volwassenes en R50 per kind onder die ouderdom van 12 jaar. Kontak gerus die kantoor (012 460 8441) vir verdere inligting.

- **Gemeente Hartebeestpoort** (Brits) bied weer dié jaar hul 3de **Bosveld Mtb** op **2 Augustus 2025** aan as ’n fondsinsameling vir die gemeente. Daar is ’n keuse van vyf afstande, naamlik 4 km & 8 km *kiddies ride* 36 km, 91 km en 156 km.
  **Plek: Brits Vliegveld**
  **Tyd: Begin om 07:00.**
  Aanlyn inskrywings kan gedoen word. Dié jaar het ons nog meer waterpunte en Bakkies Botha is ons gas vir die dag. Hy gaan self die 91 km doen.
  Vir **navrae** kontak: Ds Corlien van der Merwe (083 654 8154), Marcel by Hartebeestpoort-kerkkantoor (012 252 4315), Mechiel Ras (072 605 1393) of Mias van der Merwe (083 320 2466). Klik ***hier*** vir meer inligting en inskrywings. Gaan kyk gerus wat sê die vorige deelnemers onder *Testemony* (sic) op die webwerf.

- **Gemeente Pretoria-Oos** nooi jou hartlik uit na hul **basaar** wat op **2 Augustus 2025** plaasvind. Bring jou kinders na die jeugarena terwyl jy lekker rondloop en die verskeie stalletjies soos boeke, pannekoek, plante, en die witolifanttafel geniet! Kontak gerus die kantoor (012 460 8441) vir verdere inligting.




- **Gemeente Randburg** nooi u om ’n middag van hemelse musiek saam met met die internasionaal bekroonde sopraan **Amira Willighagen** op **Sondag 3 Augustus om 14:00 by die Hervormde Kerk Randburg** te beleef. Met haar engelstem en indrukwekkende repertoire beloof hierdie uitvoering om jou siel te roer en jou hart met vreugde te vul. Moenie hierdie unieke geleentheid om een van Suid-Afrika se grootste jong talente lewendig te hoor misloop nie. Bring familie en vriende saam vir ’n onvergeetlike musiekmiddag in ’n pragtige

en inspirerende omgewing. Kaartjies is ***hier*** via Quicket teen R200 per persoon beskikbaar. Kontak ons vir meer inligting by 011 787 4983, **admin@nhk-randburg.co.za** of besoek ons webwerf ***hier***.

- **Gemeente Klerksdorp-Suid** hou 'n **Blesbokkompetisie** teen R50 per inskrywing.
    - Eerste prys: 20 kg wors & 20 kg maalvleis
    - Tweede prys: 10 kg Wors & 10 kg maalveis

  Die gelukkige trekking vind op **7 September 2025** plaas.
  **WhatsApp vir Trudie** (072 393 5187) vir enige navrae en aankoop van lootjies.

## Toerusting

- **Teologie en Filosofiekonferensie 2025:**
  Hiermee word jy hartlik uitgenooi na Akademia se derde jaarlikse Teologie en Filosofie-konferensie aangebied deur die NP van Wyk Louw-sentrum. Die konferensie word hierdie jaar aan die **Konsilie en Geloofsbelydenis van Nicea** toegewy.
  **Datum:** 21 Julie 2025
  **Tyd:** 08:30 tot 16:45
  Formele program volg
  **Plek:** Boerneef, Leriba-kampus, Endstraat 245, Clubview, Centurion
  **RSVP** ***hier*** voor of op **14 Julie**
  Vir enige navrae kontak **louisav@akademia.ac.za** of **danielm@akademia.ac.za**




- Op 19 Junie 325 nC is die eerste weergawe van die **Geloofsbelydenis van Nicea** amptelik aanvaar tydens die Konsilie van Nicea. Wêreldwyd vier kerke vanjaar hierdie gebeurtenis van 1 700 jaar gelede. Die Hervormde Teologiese Kollege het 'n **inligtingsblad** geskep oor Nicea wat gemeentes kan help om op hul eie manier Nicea te herdenk. Klik ***hier*** vir die inligtingsblad. Dit is 'n dinamiese blad en word gereeld bygewerk met nuwe inligting. Hou die gereelde-advertensie in *Blitspos* dop om op hoogte te bly.



## Op pad met Iwana...

## Nogmaals slaggereed voor geslote deure…




**Op 2 Januarie 2015 daag dr André Ungerer by die Fakulteit van Teologie en Religie by die Universiteit van Pretoria (UP) op om sy nuwe opdrag as hoof van die Hervormde Teologiese Kollege (HTK) aan te pak. Daar is nog geen studente op kampus om te begelei nie, maar hy is gereed! Dié beeld van dr Ungerer wat slaggereed voor geslote deure staan, is op 'n foto vasgevang. Tien jaar later is dieselfde toneel besig om te ontvou. Op dieselfde wyse staan dr Ungerer voor die geslote deure van aftrede – paraat en toegerus vir wat voorlê, selfs nog voor dit aangebreek het.**

Dr Ungerer reflekteer met groot waardering en dankbaarheid oor die verskillende maniere waarop hy sy roeping in die Kerk kon uitleef. Sy keuse van beroep is deur skoolmaats aangemoedig na aanleiding van die huisgodsdiens wat hy tydens sy koshuisdae gelei het. Destyds terwyl dr Ungerer by die technikon studeer het, het hy tydens middagete besluit om by UP te gaan aansoek doen om sy studie in teologie te begin. In 1982 spring hy as eerstejaarstudent weg en in 1988 word hy by Gemeente Wesmoot georden. Hierna dien hy as predikant in Gemeentes Welgelegen-Pietersburg (1992-2003) en Klerksdorp-Doringkruin (2004-2014) waartydens hy sy PhD-graad in 2010 verwerf het en later as hoof van die HTK aangestel is.

Dit is 'n omvattende bediening vol besondere prestasies wat 'n hoofstuk van sy lewe afsluit om ruimte te skep vir die volgende een wat voorlê. In hierdie hoofstukke is daar 'n goue draad waarneembaar – verhoudings. Dié sentrale tema van verhoudings vloei ook uit dr Ungerer se navorsingsgebied van gemeentebou asook sy betrokkenheid by verskeie strukture binne die Kerk waar hy gedien het as redakteur van *Die Hervormer* en voorsitter van die Algemene Kerkvergadering (AKV) asook die kuratorium. Dr Ungerer vertel dat hy die geroesemoes van studente op kampus gaan mis, maar in besonder die geleentheid wat sy pos as hoof van die HTK hom gebied het vir interaksie en verhoudings met studente en predikante oor streke heen. Dit het hom ook die geleentheid gebied om verhoudings met kollegas vanuit ander kerke te bou.

Maar watter planne word beraam vir dié nuwe hoofstuk? Tans is dr Ungerer ingeskryf vir twee kursusse, naamlik mediasie by The Academy of Mediation en geestelike begeleiding met die oog op kontemplatiewe spiritualiteit by The Centre of Spirituality. Dit is duidelik dat die konsep van aftrede nie as remskoen vir dr Ungerer geag word nie. Hierdie kursusse dra by tot verskeie projekte wat hy beoog/beplan, soos meditasiestasies en wandelpaadjies by 'n groenerf wat hy 'n paar jaar terug in samewerking met ander verkry het. Hulle wil daar vir kollegas en belangstellendes 'n ruimte skep waar hulle stil kan word en kan probeer uitpluis watter impak die blootstelling aan stilte op hulle het. Verder wil dr Ungerer graag by verskillende gemeentes op uitnodiging eredienste waarneem en die Kerk ondersteun deur sy mediasiedienste wat hy kan verskaf. Dr Ungerer se huidige opleiding, blootstelling oor die jare in verskeie gemeentes en as hoof van die HTK dra by tot die goeie bydrae wat hy as mediator sal lewer. Die Kerk wil hom graag voorspoed toewens vir hierdie nuwe avontuur.

## Barmhartigheid

- **Reis en/of verblyf Brits:** My seun is van die begin van die jaar af by **Hoërskool Wagpos** in graad 10 omdat hy graag landbouvakke wil neem. Ter wille van sy skoolprestasies het ons hom uit die koshuis geneem. Ons is op soek na **privaatlosies of saamrygeleenthede tussen Pretoria en Brits**. Ons is natuurlik bereid om daarvoor te betaal. Daar is heelwat op/aflaaipunte vir die skoolbus in die omgewing. Ons is ook bereid om deel te neem aan

saamryklubs. Selfs al is die saamrygeleenthede net ’n paar dae per week sal dit ook al verligting bring. Kontak my asseblief indien enige iemand hiermee kan help: **Ananda 082 852 6930.**

- Wil jy graag deel wees van die **verbetering van die Kerk se sigbaarheid** in die samelewing? Die Hervormde teologiese studente het deel gevorm van ’n steekproef rakend die sosiale mediaplatforms van ons Kerk in terme van Facebook, YouTube, Instagram en LinkedIn. Dit het irritasies geïdentifiseer wat gelei het tot verbeterings. Die Afdeling Kerklike Kommunikasie is dankbaar vir hierdie waardevolle inligting. Ons vra dat **alle bereidwillige predikante** ook sal deelneem aan so ’n **steekproef**. Geen voorbereiding is nodig nie, slegs jou tyd en insae tydens ’n aanlyn vergadering. Stuur asseblief jou volle naam en van, ouderdom, woonbuurt, en gemeentenaam aan ds Iwana Hartmann (079 848 4865 of **goeienuus@nhk.co.za**).




- **Seniordal-aftreeoord** is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in die veilige omgewing van Rietondale in Pretoria. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:

  - Eenslaapkamer: R515 000
  - 1½-slaapkamer: R520 000
  - Tweeslaapkamer: R560 000

  Kontak Salomie Stolz by 012 329 4313 (08:00-12:00) of 083 308 0520 (na-ure) vir meer inligting.

- **Herfsakker Selfsorg-aftreeoord in Groblersdal:** Behuising beskikbaar vir persone ouer as 60. Geen versorging beskikbaar nie, persone moet selfversorgend wees. Geen etes word voorsien nie. Eie tuin. Tariewe is per vierkante meter en verskil van huis tot huis. ’n Deposito van twee maande huur is betaalbaar. Vir meer besonderhede, skakel Frik Rossouw by 082 830 6591.

- **Belfast Rusoord** bied onder meer 24-uur mediese versorging, CCTV, 24-uur-toegangsbeheer, drie gebalanseerde maaltye per dag, en aktiwiteite vir elkeen. Daar is fasiliteite vir semiversorging, verswakte bejaardes, en woonstelle vir selfversorging. Kontak Riana de Villiers by 013 253 31211 / 063 663 7449 / **manager@belfastrusoord.co.za** vir meer inligting en tariewe.

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein** bied verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede. Daar is enkel- en deelkamergeriewe in ’n huislike atmosfeer, verblyf met drie etes ingesluit, verblyf sonder versorging, en 24-uur-versorging. Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089 / **navrae@athalia.co.za** / **www.athalia.co.za**.

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

**Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word.** *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien ’n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of ’n foto saam met die bewys van betaling aan **mej Sanet du Plessis**, per e-pos na **taal@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mej Du Plessis bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.


**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

## Gebed vir die week

Luister tog na my, Here, verhoor my gebed,
want ek is hulpeloos en arm.
Beskerm my, want ek is u troue dienaar,
red my, want U is my God, op U vertrou ek.
Wees my genadig, Here,
ek roep die hele dag deur na U.
Maak my bly, Here, ek hunker na U.
U is goed, Here, U vergewe altyd weer,
U is getrou teenoor dié wat na U roep om hulp.
Luister na my gebed, Here,
gee tog ag op my smeekgebed.
Op die dag van my nood roep ek na U,
U sal my gebed verhoor.
Daar is geen god soos U nie, Here,
niks kan met u werk vergelyk word nie.

Amen.

**Psalm 86: 1-8 (AFR83)**



Redakteur: Dr Johan van Staden
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Annelie Botha
Koördineerder: Mej Sanet du Plessis
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk
Joernalis: Ds Iwana Hartmann